

## Van die Kaap tot Gelderland

**Schoeman, K. 2011. Riviereland: twee besoeke aan Nederland.**  
 Pretoria: Protea Boekhuis. 396 p. Prys: R250,00.  
 ISBN: 978-1-86919-497-0.

**Resensent:** D.M. van der Merwe  
 Departement Historiese en Erfenisstudies  
 Universiteit van Pretoria

Karel Schoeman het nie alleen 'n besondere bydrae tot die Suid-Afrikaanse letterkunde gelewer nie, maar ook tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing en spesifiek oor die tydperk van die VOC (Vereenigde Oost-Indische Compagnie) aan die Kaap. Uit sy navorsing het werke soos die volgende gespruit: *Die Suidhoek van Afrika: geskryfte oor Suid-Afrika uit die Nederlandse tyd, 1652-1806*; *Early slavery at the Cape of Good Hope: 1652-1717*; *Patrisiërs en prinse: die Europese samelewing en die stigting van 'n kolonie aan die Kaap: 1619-1715*; en *Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662*. *Riviereland: twee besoeke aan Nederland* is 'n unieke toevoeging tot hierdie versameling. In hierdie werk lewer Schoeman verslag oor twee navorsingsreise wat hy onderskeidelik in 1999 en 2003 deur Nederland onderneem het. Die leser kry as 't ware die geleentheid om die skrywer se verkenningswerk en navorsing mee te maak.

Die eerste, korter deel handel oor 'n besoek aan Amsterdam, Rotterdam, Delft, Haarlem en Leiden, stede wat 'n belangrike rol tydens die VOC-tydperk gespeel het. Verder beskryf Schoeman ook sy besoek aan die dorpie Meppel en Hattem, waar sy grootouers vandaan kom.

Met die tweede reis wat Schoeman onderneem het, het hy hoofsaaklik op die provinsie Gelderland gefokus. Alhoewel dit die grootste is, is dit een van die minder bekende Nederlandse provinsies en nie 'n gebied wat noodwendig deur toeriste besoek word nie. Weereens is die doel van sy besoek om navorsing oor die Kompanjiestydperk te doen, en spesifiek oor persone in diens van die Kompanjie wat bande met Gelderland gehad het. Naas hooggeplaasde amptenare soos Jan van Riebeeck, wat in Culemburg gebore is en baron Van Reede van Outdtshoorn, word daar ook op gewone werkslui soos die vryburger Jan van Herwerden en sy vrou Jannetje Boddijns gefokus. Die geskiedenis van hierdie persone saam met die politieke gebeure in Nederland en die Kaap, asook die onderlinge

verwantskappe tussen die verskeie VOC-amptenare word tot 'n groter geheel verweef.

Die skrywer beperk hom egter nie net tot die sewentiende eeu nie. Hy gee 'n volledige agtergrondsgeskiedenis van Gelderland as provinsie wat tot die Romeinse tydperk terugdateer. Hy beskryf ook die geografie van die area wat 'n eie besondere karakter ontleen aan die groot riviere wat daardeur vloei, die Ryn, Maas, Waal en IJssel. Die nabyheid van die Duitse en Belgiese grense speel ook 'n rol in die geskiedenis, argitektuur, godsdiensbeoefening en aard van die inwoners van die area.

Die skrywer se fyn waarneming van die moderne Nederlandse samelewing en die impak wat die reise op hom persoonlik het, verryk die boek.

Die werk is toegelig met twee kaarte, een van Nederland en een spesifiek van Gelderland, 'n uitgebreide bronnelys, asook 'n alfabetiese indeks wat hierdie werk meer as net 'n interessante reisbeskrywing maak – dit word 'n waardevolle naslaanbron.